Donderdag 8 Oktober
Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:23-33
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:24, 26
Pinkster: Alles behoort aan die Here

’n Ware gemeente – duurgekoop met die bloed van Jesus Christus – behoort mekaar as ’n eenheid van gelowiges te bedien. Die fokus val op God se eer en die belange van die ander. Ons mag nie ’n struikeling vir ons medegelowiges se gewetens wees nie!

Enige sondige verdeeldheid in ’n gemeente (soos dié in Korinte) verbreek hierdie eenheid! Een van die verdelende faktore was die eet van gewyde offervleis aan afgode. Die sogenaamde sterkes in die geloof het hulle vryheid in Christus gebruik om saam met hulle heidense vriende hierdie vleis te eet. Hulle het egter nie sommige in die gemeente in ag geneem vir wie hierdie praktyk aanstoot gegee het nie.

Nou stel die apostel die beginsel. Aangesien die optrede van die sterkes die swakkes in die geloof benadeel, behoort die vraag gestel te word wat bou die eenheid van die gemeente op? Moet die sterkes in die geloof ter wille van die gewetens van die swakkes liewer nie die vleis wat aan heidense afgode gewy is te laat staan nie? Alles is wel aanvaarbaar, maar bou nie noodwendig die gemeente op nie (1 Kor. 6, 8 en 10).

As lede van die liggaam van Christus behoort ons te voorkom dat ons broer of suster wat nog nie so ver in die geloof gevorder het, struikel nie. Dit dra meer gewig as my vryheid in die geloof.

*Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5*

*Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*